

# KOERSVAS

Jaargang 6      Uitgawe 141  27 Julie 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Grondgrype en die Bybel

*Voordrag van die Premiermyn Gemeente van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes aan die Grondwet Hersieningskomitee in verband met die voorgestelde onteiening deur die staat van die burgery se private eiendom sonder om hulle daarvoor te vergoed.*

28 Julie 2018

Geagte Voorsitter,

Aangesien die Regering van SA persone en instansies uitgenooi het om voorleggings oor die onderhawige onderwerp aan u komitee te maak; en

aangesien daar reeds in talle voorleggings gewys is op die ekonomiese en sosiale impak wat sodanige onteiening waarskynlik op die ekonomie en die maatskaplike lewe van Suid-Afrika sal hê; en

aangesien die Kerk 'n verantwoordelikheid het om die eise van die enige en ewige God soos in sy Woord, die Bybel geopenbaar, aan die owerheid voor te hou en die owerheid te vermaan wanneer hy daardie eise ignoreer of strydig daarmee handel;



en aangesien die meerderheid van die bevolking van Suid-Afrika hulself as Christene beskou en dus die voorgenoemde eise en wette as lewensriglyn aanvaar;

lê hierdie gemeente aan u Komitee die volgende sedelike beginsels wat op hierdie saak betrekking het, voor:

1. Dit is 'n algemene regsbeginsel dat ontneming van enigiemand se eiendom teen sy sin en sonder om aan hom billike vergoeding in ruil daarvoor te gee, diefstal is. **Dit is 'n direkte oortreding van God se gebod wat lui: "Jy mag nie steel nie".** Dié gebod is ewesear van toepassing op die owerheid en openbare gesagsdraers van 'n staat as op die ander onderdane van die staat.
2. Diefstal spruit voort uit 'n begeerte na iemand anders se besittings. **Daarom bepaal God in sy Woord dat mense nie mekaar se goed mag begeer nie.** Onbeheerde begeerte na 'n ander se eiendom lei tot 'n obsessie om dit te bekom selfs al moet van ongeoorloofde maniere gebruik gemaak word. Een so 'n ongeoorloofde manier is om wetgewing deur die parlement te stoomroller om diefstal te "wettig". Tegnies mag dit dan

"wettig" wees, dog dit bly steeds immoreel en misdagdig.

### 3. Die besetting van Suid-Afrika.

- a. Die propaganda dat die blankes die grond wat hulle besit, sou gesteel het, strook nie met die opgetekende geskiedenis nie. Die geskiedenis van grondbesetting in Suid-Afrika is reeds sedert die vroeë geskiedenis van die land opgeteken deur reisigers, ontdekkers, sendelinge en ander pioniers van daardie tyd. Hulle getuienis berus in argiewe, waar historici dit nagevors en in boeke beskryf het.
- b. Tydens die bekende Wêreldhofsaak oor Suid-Afrika se administrasie van die toenmalige Suidwes-Afrika wat Etiopië en Liberië in die vroeg sestigerjare aanhangig gemaak het, is die geskiedenis van die besetting van ons land deur SA se regsvteenwoordigers aan die hof voorgelê. Dit is so onbetwisbaar bevind dat die klaers genoodsaak was om die basis van hul klag te verander. Uit daardie getuienis was dit duidelik dat minder as 20 persent van Suid-Afrika in besit van die inboorlinge en swart volke was ten tyde van die blankes se besetting van die land.
- c. Die propaganda dat die grond nou aan die swartes "teruggegee" moet word, berus dus op 'n mite dat dit voorheen aan hulle behoort het. Dit het geen feitelike basis nie, en is daarom eweneens **'n oortreding van God se wet wat bepaal dat die mens nie valse getuienis mag rondstrooi nie.**

d. Histories het die verskillende volke elk in 'n eie deel van Suidelike Afrika gevestig en daar volgens hul aard, kultuur en vermoëns geleef. Die land wat hulle beset het, was ongerep en onontwikkeld. Terwyl die ander volke weinig gedoen het om hulle lande op te hef en te ontwikkel, het die Boerevolk sy land ontwikkel en tot 'n gesofistikeerde, moderne staat opgehef. Om dit te vermag, is 'n onberekenbare hoeveelheid kapitaal, energie en toewyding daar ingeploeg en is vir daardie land hoë offers gebring. Uiteindelik het wit en swart die vrugte daarvan gepluk. **Uit God se Woord verstaan ons dat 'n volk se land 'n erfdeel uit die hand van God aan daardie volk is.** Wanneer grond dus onteien word, tref dit wyer as net die individuele eienaar van die oomblik. **Dit skep 'n onreg teenoor die ganse volk wie se land geraak word.**

- 4. Daarom moet owerhede in gedagte hou dat ook hulle onder gesag van God staan en nie na willekeur mag handel nie, aangesien diegene wat hul magte misbruik, tot verantwoording geroep sal word.

### 5. Voorstel

In die lig van die voorgenoomde stel hierdie gemeente voor dat die owerheid 'n gebalanseerde paneel van historici en volkekundiges aanwys om 'n grondige ondersoek te doen en 'n verslag te publiseer oor die geskiedenis van grondbesetting in Suid-Afrika.

Die gemeente se dank aan ouderling Andries Breytenbach wat hierdie voorlegging voorberei het.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BONDSVERGADERING

Die jaarlikse Bondsvergadering vind hierdie jaar te Pietersburg plaas van 2-4 September 2018. Die Agenda sal eersdaags aan u uitgestuur word. Die Bond se dames kom op 3 September 2018 byeen. Korrespondensie in die verband sal ook eersdaags uitgestuur word.

### UITNODIGING NA BONDSDAMES-BYEENKOMS, PIETERSBURG 2018

U word hartlik uitgenooi na die volgende Bonds damesbyeenkoms wat DV plaasvind te gemeente Pietersburg op 3 September 2018. Hier gaan ons deel wat in ons gemeentes en in ons lewens gebeur en mekaar gaan ons mekaar kan hoor en ondersteun. Ons sien uit daarna om elke gemeente se dames hier verteenwoordig te hê. **Skakel gerus met Phyllis Roux by 083 307 7539.**

### PROF HG AANGEVAL

Ons is almal bewus van die misdaad wat so onbeheers groei en tier in die RSA. Dit is veral die plaasmense wat geteiken word, in besonder die bejaardes. So het dit wel gebeur dat 'n groep 'dapper' kaders ook vir professor HG van der Westhuizen op sy plaas in die Piet Plessis omgewing geteiken het. Tannie Joekie was nie tuis tydens die voorval nie. Hy het gelukkig ongedeerd daarvan afgekom. Die booswigte het met eiendom van die gesin op die vlug geslaan. Ons meeleving word aan die gesin betuig.

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag

nuwe Geloofs bondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### LEWENS BROOD 2019-2020

Daar is ywerig geskryf aan die dagstukkies vir die Lewensbrood 2019-2020. Intussen ontvang die Redaksie gereeld boodskappe waarin dank en waardering oorgedra word ten opsigte van die dagstukkies in die 2018-2019 uitgawe. Ons dank aan al die toegewyde predikante wat tyd ingeruim het om te skryf.

### OORNAG FASILITEITE

#### Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**  
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en  
besprekings 0829082831  
[auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
  - Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorie boeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

# Reformatoriese Konferensies

2018

18 Aug

- GK Vryburg
- 10:00-13:00

20 Aug

- VGK Pretoria
- 19:00-22:00

21 Aug

- GK Bellville
- 19:00-22:00

Tema: Dordrecht - 400 jaar


- \* Skrif
- \* Belydenis
- \* Kerkorde

Vir meer besonderhede, kontak:

Dr. Gerard Meijer

012 332 1196 /

gerardjmeijer@gmail.com



Die Memorandum van die Volksraad bevat 'n bondige uiteensetting van ons volksgeskeidenis vanaf 1652 tot en met 2016; o.a.:

- Die wettige wyses waarop ons grond verkry is
- Kaarte van 13 voormalige Boere-Republieke
- Die feite rakende Britse onderdrukking
- Uitgawes op Swartes en verdere statistiek tydens Apartheid
- Die feite en statistiek rakende ons onderdrukking onder die ANC

Bestel vandag jou kopie by Chantal: tel. 079 740 7214 of [chantal.kruger@vvk.co.za](mailto:chantal.kruger@vvk.co.za)